

voorgeslagte versamel wat hy later te boek gestel het.¹³⁴ Hulle het op 10 September na Overijssel gegaan, waar hulle die herboude huis Rollecate aan die Dedemsvaart besoek het, waarna hulle Amsterdam toe is.¹³⁵ Die volgende dag het hulle na Den Haag teruggekeer, waar Engelenburg 'n afspraak met sir Charles Marling nagekom het om die laaste reëlins te tref voor hulle afspraak by die koningin se paleis.¹³⁶ Op 12 September het Engelenburg eers na Marling se woonplek gegaan en saam is hulle na die paleis om die boodskappe en geskenke aan die koningin te oorhandig. Dieselfde dag het die koningin 'n brief na Engelenburg by die Hotel de Oude Doelen gestuur om hom te bedank dat hy namens die regering van Suid-Afrika¹³⁷ en namens die Akademieraad¹³⁸ die huldeblyke aan haar oorhandig het. Haar boodskap aan die Akademieraad het sy in November met 'n skriftelike bedanking aan die Raad opgevolg, geskryf deur F.M.L. van Geen,¹³⁹ die koningin se kamerheer en privaat sekretaris.¹⁴⁰ Engelenburg het op sy beurt 'n brief aan sir Charles Marling gestuur om hom te bedank vir die geduld en vriendelikheid wat hy aan die “Suid-Afrikaanse amateur-diplomaat” betoon het.¹⁴¹ Die feit dat Engelenburg gevra is om die huldeblyke van die Akademie en van die Suid-Afrikaanse Unie-regering aan die koningin oor te dra, spreek van 'n verlenging van sy politieke bedrywighede en die respek wat hy in die regering van Smuts geniet het.

Terwyl Engelenburg en Lorraine in Den Haag was, het hy 'n palissanderhout-albumkas na P.J. Veelo en Zonen geneem om te herstel. Die boblad het hulle deurgesaag en van 'n nuwe naat voorsien en dit daarna gelym, asook ander restourasiewerk gedoen, wat hom f73 uit die sak gejaag het. Toe hy die herstelde albumkas op 12 September, waarskynlik ná afloop van sy oudiënsie met die koningin, gaan afhaal het, het hy ook 'n geweefde doek uit Celebes vir f62,50

¹³⁴ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: gesiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*.

¹³⁵ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Den Haag – W.J. Leyds, 23.08.1923.

¹³⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹³⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Koningin Wilhelmina – F.V. Engelenburg, 12.09.1923.

¹³⁸ AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 8, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 13.09.1923.

¹³⁹ *Bulletin* (van die SA Akademie), 7(1), Januarie 1924, p. 2.

¹⁴⁰ Baron François Marie Leon van Geen (1866-1944) was kamerheer van koningin Wilhelmina en van 1904 tot 1934 haar privaat sekretaris. Kyk C. Fasseur, *Wilhelmina: de jonge koningin*, pp. 254-255; 276-278.

¹⁴¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – C. Marling, 13.09.1923.

by hulle gekoop.¹⁴² Van Den Haag is hulle eers weer na Amsterdam, waarna hulle na Baden-Baden, 'n spadorp in die suide van Duitsland aan die noordelike voetheuwels van die Swartwoud, gegaan het. Daar het hulle twee dae ontspan voordat hulle na Amsterdam teruggekeer het. Op die 21ste het hulle Delft besoek en sou ongetwyfeld die Delft-fabriek, “De Porceleyne Fles” wat uit 1653 dateer, in Rotterdamseweg besoek en waarskynlik 'n paar stukke Royal Delft vir hulle huis in Pretoria aangekoop het.

Ná 'n maand in Nederland is hulle op 22 September terug na Londen en daardie aand om sewe namiddag was Engelenburg in Southampton, waar hy generaal Smuts, wat met 'n skip uit Suid-Afrika aangekom het, die volgende dag ingewag het. Smuts was in Londen om die Imperiale konferensie, wat in Oktober in Londen gehou is, by te woon. Vanaf die Southampton-hawe is hulle saam na Londen en het hulle saam met 'n sekere sir Reginald en 'n Van Elde geëet. Nege dae later het Engelenburg Smuts weer ontmoet en met hom gesprek gevoer. In Oktober het Engelenburg en Lorraine in en om Londen gebly omdat Engelenburg ook die konferensie bygewoon het. Stanley Baldwin,¹⁴³ eerste minister van Brittanje, het Engelenburg ook na 'n onthaal uitgenooi wat op Maandagaand 8 Oktober 1923 by Lancaster House, St James, plaasgevind het. Die doel van die onthaal was “... to meet the Representatives of the Dominions and India at the Imperial Conference 1923”.¹⁴⁴

Engelenburg en Lorraine se reis het einde se kant toe gestaan en hulle het van die geleentheid gebruik gemaak om nog huisware vir hulle huis in Pretoria aan te koop. Hulle het in dié tyd na Soane & Smith Ltd. in Oxfordstraat 462 gegaan waar hulle glas- en porseleinware aangekoop het en wat Engelenburg onderskeidelik £32.11.0 en £25.0.0 uit die sak gejaag het. Op 9 Oktober het hulle in Bristol by die afdelingswinkel Gardiner & Co deurgebring. By die silwersmid R.J.

¹⁴² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Kwitansie van P.J. Veelo & Zonen, 12.09.1923.

¹⁴³ Stanley Baldwin (1867-1947) was 'n Britse Konserwatiewe politikus. Hy het in Mei 1923 Eerste Minister geword ná die bedanking van Bonar Law. In die algemene verkiesing van 1924 is hy weer verkies en het hy van 1924 tot 1927 gedien. Hy het weer van 1935 tot 1937 gedien (Anon., “Stanley Baldwin” by http://en.wikipedia.org/wiki/Stanley_Baldwin [geraadpleeg op 8 November 2013]).

¹⁴⁴ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Uitnodigingskaartjie van die Eerste Minister van Brittanje na 'n onthaal op 8 Oktober 1923.

Emerson Ltd., 71, 72 Burlington Arcade, Piccadilly, het hulle 'n silwerlamp laat maak, wat Engelenburg saam met die firma ontwerp het.¹⁴⁵

Op 26 Oktober het hulle met die *Windsor Castle* uit Liverpool na Suid-Afrika vertrek. Die oggend van 2 November 1923 was hulle, ná 'n afwesigheid van bykans ses maande, in Kaapstad, waar hulle eers vier dae deurgebring het om van die uitputtende seereis te herstel voordat hulle na Pretoria kon vertrek. Op 13 November het Engelenburg ete met Lorentz gehad, waarskynlik om hom persoonlik in te lig oor hoe die ontmoeting met koningin Wilhelmina verloop het.¹⁴⁶ Die goewerneur-generaal, prins Arthur van Connaught (1883-1938), se termyn was verstreke en Engelenburg is ook na die afskeidsonthaal op 5 Desember in die Polleys Transvaal Hotel genooi.¹⁴⁷

Bykans twee en 'n halwe maand ná hulle terugkoms uit Europa het die firma R.J. Emerson Ltd. Engelenburg op 17 Januarie 1924 laat weet dat, nadat die ontwerp van die lamp wat Engelenburg bestel het, herhaaldelik deur hom en die kunstenaar bespreek is, die werk in die hande geplaas is van mnr. Joynes van die welbekende Hatton Garden-firma.

Your lamp is, therefore, a unique specimen of its kind, and no replica can be made without your consent.¹⁴⁸

Mnr. Emerson het Engelenburg verseker dat die silwerlamp enig in sy soort was en dat geen gelyksoortige lamp bestaan het nie. Dit was 'n egte kunswerk en hy het Engelenburg gelukgewens vir sy aandeel daarin.¹⁴⁹ Die lamp is op 28 Januarie voltooi, verpak en na Suid-Afrika versend. Die koste, alles ingesluit, was £155/11/3.¹⁵⁰ Die lamp is nie vandag meer in

¹⁴⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹⁴⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1923 van F.V. Engelenburg.

¹⁴⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Uitnodigingskaartjie van goewerneur-generaal prins Arthur van Connaught, 05.12.1923.

¹⁴⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 25, R.J. Emerson – F.V. Engelenburg, 17.01.1924.

¹⁴⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 25, R.J. Emerson – F.V. Engelenburg, 17.01.1924.

¹⁵⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 25, Faktuur van R.J. Emerson Ltd, 28.01.1924.

Engelenburghuis te sien nie. Dit is waarskynlik ná sy dood deur Izaak Wallach uit die boedel aangekoop.

Engelenburg lê die tuig neer

Ses maande nadat hulle uit Europa teruggekeer het, het Engelenburg, 'n verstokte oujongkêrel soos almal hom geken het, op 61-jarige ouderdom met die 41-jarige Lorraine Amelia Bernice Marguerite Cox (voorheen Powell, gebore Halliday), by wie hy toe reeds jarelank intiem betrokke was, in die huwelik getree. Die huwelik is op 2 Junie 1924 in Johannesburg in die geheim voor die magistraat voltrek.¹⁵¹ Die huweliksvoorwaardekontrak is twee weke voor die troue op 20 Mei 1924 deur die prokureursfirma Van Gorkom en Noonan opgestel en deur die partye onderteken, waarin uiteengesit is dat daar geen gemeenskap van goedere tussen Engelenburg en sy aanstaande vrou sou bestaan nie en dat geeneen aanspreeklik sou wees vir die skuld of verantwoordelikhede van die ander persoon nie. Daar sou ook geen gemeenskaplike wins of verlies wees nie en alle erflatings, geskenke en donasies sou die uitsluitlike eiendom bly van die persoon aan wie dit bemaak of geskenk is.¹⁵²

Oor Lorraine se verlede is 'n digte sluier getrek en mense het altyd oor haar gewonder. Waarskynlik het hulle gewonder waar sy en Engelenburg mekaar ontmoet het, of sy wel kinders in Engeland gehad het soos wat die Van Staden-susters beweer het, en wanneer sy na Suid-Afrika gekom het. Stories sou wel die rondte gedoen het dat sy getroud was voor sy na Suid-Afrika gekom het en dat sy daarna ook met Fabian Cox getroud was.¹⁵³ Mense sou ook gewonder het wanneer sy van Cox geskei is en sou ook geweet het dat sy weer by Engelenburg in die huis gewoon het lank voor hulle uiteindelik getroud is. Volgens mense wat die egpaar geken het, was hy wel lief vir Lorraine. Volgens Leipoldt het Engelenburg en sy eggenote ná die huwelik 'n wêreldreis onderneem, maar Engelenburg se paspoort en dagboekie toon aan dat hulle in 1923, 'n jaar vóór die troue, op die reis gegaan het, soos hier bo beskryf word. Die egpaar het

¹⁵¹ NASA, Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Meester van die Hooggeregshof (MHG), vol. 77272. Boedellêer van F.V. Engelenburg.

¹⁵² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27. Huwelikskontrak tussen F.V. Engelenburg en L.A.M.B. Cox (gebore Halliday), 20 Mei 1924.

¹⁵³ In 'n vorige hoofstuk word Lorraine se huwelik met Cox bespreek.

nie dadelik ná die troue in 1924 op 'n wittebroodsreis gegaan nie. Hulle het eers sowat ses weke later, op 12 Julie, per gehuurde motor na die Laeveld vertrek, waar hulle vakansie gehou het. Sestien dae later het die motor probleme gegee en het hulle besluit om na Pretoria terug te keer.

Die Pretorianers het nie geweet van die troue nie, ook nie van die wittebroodsreis nie. Engelenburg het wel sy vriend Leipoldt daaroor ingelig. Laasgenoemde het oor die Laeveldreis en die motor 'n paar aantekeninge in sy dagboek gemaak.¹⁵⁴ Die gemeenskap sou wel met verloop van tyd verneem het van die troue. Die egpaar het in Het Witte Huis gewoon wat Engelenburg, soos reeds genoem, in 1922 ter wille van sy vrou gerieflik vergroot het. Hulle verblyf in Pretoria het hulle afgewissel met gereelde besoeke aan sy en Izaak Wallach se huisie Bagatel Cottage by Muizenberg, buite Kaapstad. Die “cottage” het Engelenburg en Wallach ná die Eerste Wêreldoorlog aangeskaf. In verband met Engelenburg se huwelik het Louis Leipoldt geskryf dat dit noodwendig 'n mate van verandering in sy lewe gebring het, maar dat dit spoedig vir al sy vriende duidelik was dat dit, ofskoon dit vir hom nuwe belange gebring het, geen verskil aan sy karakter of kyk op die lewe gemaak het nie.¹⁵⁵ In dieselfde jaar as waarin Engelenburg getroud is, het sy intieme vriend, Izaak Wallach, met Mez Thompson Liesching in die huwelik getree. Mez Liesching se suster sou Engelenburg jare later tot met sy dood versorg. Net soos Engelenburg en Lorraine was die Wallach-egpaar kinderloos.¹⁵⁶

Lorraine het waarskynlik tydens hulle vakansietye in Bagatel Cottage inspirasie gekry om self haar pen op papier te waag. 'n Boodskap op 'n Kerskaartjie in die vorm van 'n gediggie wat die egpaar in 1926 laat druk het, is deur Lorraine geskryf:

Songs of the vast Eternity,
A boundless ocean sings;
A sea shell's furled cavernity
To us it's whisper brings.
Of well-wishing fraternity

¹⁵⁴ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, Sakdagboekie van 1924 van C.L. Leipoldt.

¹⁵⁵ C. Louis Leipoldt, “Dr. Engelenburg – 'n waarderende beskouing” in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 41.

¹⁵⁶ Eric Rosenthal, “Wallach, Izaak” in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 800.

Here'in a whisper clings. L.E.¹⁵⁷

'n Kersboodskap op 'n kaartjie van 1929 is waarskynlik deur Engelenburg en Lorraine gesamentlik geskryf:

Straight as Homing Flight, swift as rays of Light
Where'er you be, may they around you hover,
Love-winged Thoughts: from Friend or Lover,
Their soft breath waft into your heart, Hope,
Joy, and Peace, that never shall depart.
'n Blye Kersmis en 'n Voorspoedige
Nuwejaar vir U

Van dr. en mevr. F.V. Engelenburg¹⁵⁸

Kort ná sy troue het Engelenburg besluit om die tuig by die koerant neer te lê. Hy het op 11 Oktober 1924 vóór die direksievergadering 'n gesprek met Louis Esselen en generaal Smuts gevoer. Laasgenoemde was in daardie stadium steeds hoofaandeelhouer van die Wallachs' Drukkers en Uitgewers Maatschappij Beperkt. Die besluite wat die dag op Smuts se plaas by Irene geneem is, was:

1. Izaak Wallach sou op 31 Desember 1924 as bestuurder bedank, maar as direkteur aanbly. Van 1 Januarie 1925 sou hy 'n maandelikse toelaag van £50 ontvang vir die res van sy lewe.
2. Engelenburg, wat as redakteur van *Die Volkstem* bedank het, sou as direkteur aanbly en van Oktober 1924 'n maandelikse toelaag van £50 ontvang vir die res van sy lewe, betaalbaar deur die Wallach's Maatskappy.
3. L. Esselen sou 'n direkteur van die maatskappy word.
4. G.S. Preller sou aangewys word as redakteur van *De Volkstem*.
5. Charles Wallach sou van 1 Januarie 1925 bestuurder van die Wallach's Maatskappy wees en sou as direkteur aanbly.

¹⁵⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Kerskaartjie 1925.

¹⁵⁸ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, Kerskaartjie van dr. en mev. Engelenburg, Bagatel, Muizenburg, Desember 1929.



Illustrasie 97: Bagatel Cottage. Vakansiehuis van Engelenburg en Izaak Wallach. Engelenburg en Lorraine het dikwels hier vakansie gehou. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.



Illustrasie 98: Links van die hek: "Bagatel". Regs van die hek: "E" en "W" (Engelenburg en Wallach). Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.



Illustrasie 99: Engelenburg het gewoonlik perde gehuur om 'n rytuig te trek wanneer hulle by Bagatel Cottage was. Die huis is in die agtergrond. Foto: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

6. 'n Verband moes opgestel word ten gunste van Engelenburg wat as sekuriteit sou dien vir sy lening aan die Wallach's Maatskappy.
7. Die aandele in die maatskappy wat geregistreer was in die name van Izaak en Charles Wallach en Engelenburg sou so bly.
8. Die verdeling van profyt bokant £8 tussen die direkteure en sekere aandeelhouders sou van 1 Januarie 1925 opgehef word.¹⁵⁹

Op dieselfde dag het Engelenburg aan Preller geskryf dat die direkteure van die Wallach's Maatskappy so verstandig was om hom te benoem as sy opvolger as hoofredakteur.¹⁶⁰ Hy het Preller verder ingelig dat die direkteure daardie Maandag finaal daaroor sou besluit. Intussen is Preller se redakteurskap reeds deur die publiek as 'n voldonge feit aanvaar

... en, voorzoveel ik kan oordelen, is uw formele troons-beklimming alom met sympathieke welkoms-groeten bejegend. U weet dat, wat mij betreft, nooit 'n andere regeling van opvolging werd begeerd.¹⁶¹

In die aanstellingsbrief wat Engelenburg kort ná die direksievergadering aan Gustav Preller en Charles Wallach gerig het, het hy onder andere die volgende geskryf:

I hereby appoint you, Mr. Gustav S. Preller, to be editor in chief of 'De Volkstem', and you, Mr. Charles Wallach, to be General Manager of Wallachs Printing and Publishing Company Ltd., with full power to act on my behalf, and to do everything you consider necessary in the interests of both 'De Volkstem' and Wallachs P. & P. Co. Ltd.¹⁶²

Met Engelenburg se woorde "full power to act on my behalf" het Preller en Charles Wallach die koerant en drukkerij binne 'n jaar letterlik op sy knieë gehad, soos later duidelik sal word. Die feit dat Louis Esselen as direkteur van die maatskappy aangestel is, spreek boekdele. Esselen was organiserende sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party en is waarskynlik daar geplaas om te help

¹⁵⁹ Unisa-argief, Pretoria, SAP- en Verenigde Party-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 11.10.1924.

¹⁶⁰ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 11.10.1924.

¹⁶¹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 11.10.1924.

¹⁶² NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller en C. Wallach, brief ongedateer.

seker maak dat *De Volkstem* die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party bly en om 'n oog oor Preller te hou, wat nie meer 'n vurige aanhanger van die Suid-Afrikaanse Party was nie.


Nathan Levi het op 30 September 1924 uit Kaapstad sy leedwese uitgespreek oor Engelenburg se besluit om uit te tree. Nie net as kollega het Levi Engelenburg se uittrede as 'n verlies gevoel nie, maar ook as *Volkstem*-leser. Ná Engelenburg se lang verbintenis met die redakteurstoel het Levi gereken dat hy die woorde maar kon uiter sonder dat enige refleksie op Engelenburg se opvolger gewerp sou word. Levi het *De Volksstem*¹⁶³ gelees en gedien sedert die begin van 1897, dit wil sê kort nadat hy in 1896 by Paardekraal naby Krugersdorp aan Engelenburg voorgestel is. Hy het ná al die jare steeds aangename herinneringe gekoester van die mooi *Volksstem*-tent op die Paardekraal-terrein en sou dit altyd vereenselwig met sy deurlopende verbondenheid en werksaamheid, onder die leiding van Engelenburg, by *De Volksstem*. Levi sou dieselfde dag (30 September 1924) 'n uitvoerige berig in verband met Engelenburg se bedanking telegrafeer vir plasing in *De Volkstem*. Hy was bevrees dat die berig moontlik nie ongeskonde onder die hande van die subredakteur sou uitkom nie. Dit was naamlik 'n jong mens wat nog nie lank in Suid-Afrika was nie en derhalwe nie 'n begrip van die land se geskiedenis gehad het nie. Vir 'n namiddagblad was niks eintlik vir hom van belang as dit nie na 'n hondegeveg of 'n egskeidingsaak gelyk het nie.¹⁶⁴ Dieselfde dag nog het die berig in *De Volkstem* verskyn met die opskrif: "Dr. Engelenburg treedt af". In die artikel is ook vermeld dat Engelenburg sy bes gedoen het om die vertroue van die *Volkstem*-publiek te wen en waardig te bly. Hy het sy koerant nie bedryf as die toevallige eienaar van 'n waardevolle bate wat geldwaarde betref nie, maar het dit gebruik as instrument tot onderlinge gedagtewisseling en tot versterking van gemeenskaplike ideale.¹⁶⁵

'n Sekere mnr. Lombard van Bloemfontein het sy blyke van bewondering en vriendskap aan Engelenburg betoon en vertel dat hy reeds as klein seuntjie, nog voordat hy kon begryp waarom dit gaan, Engelenburg se artikels uit die koerant aan gaste moes voorlees, om dit vir sy vader

¹⁶³ *De Volksstem* was toe nog met 'n dubbel "s" gespel.

¹⁶⁴ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, N. Levi – F.V. Engelenburg, 30.09.1924.

¹⁶⁵ N. Levi, "Dr. Engelenburg treedt af", *De Volkstem*, 30.09.1924.



Illustrasie 100: Skets van Engelenburg wat op 30 September 1924 in *De Volkstem* verskyn het.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

makliker te maak en om – na wat hy vermoed – die slimheid van die seun te toon.¹⁶⁶ Hy was gedurende Engelenburg se redakteurskap 'n troue leser van *De Volkstem*, veral omdat hy altyd 'n smaak gehad het vir 'n bietjie ironie en sarkasme in die koerantartikels.¹⁶⁷ Sy bewondering, wat hy vroeg reeds vir Engelenburg gehad het, is versterk sedert die sterk politieke verdeeldheid in Suid-Afrika 'n werklikheid geword het. Die peil van die *Volkstem*-polemiek het oneindig ver bo dié van die opposisieblaaië uitgestaan, wat feitlik weinig anders gedoen het as laster, swartsmeerdery en verdagmakery. Dat die neiging nie aansteeklik geword het nie, het syns insiens boekdele van Engelenburg se oordeel gespreek.¹⁶⁸

Die bestuurder van die Nasionale Bank van Suid-Afrika, J.R. Lenske, het geskryf dat dit net so moeilik is om aan *De Volkstem* te dink sonder Engelenburg aan die stuur, as om te dink aan die Unie-regering sonder generaal Smuts in die stoel. Hy het veronderstel dat Engelenburg steeds 'n groot deel van sy tyd en diens aan die koerant sou afstaan – 'n koerant wat hy opgebou het tot een van die toonaangewendste organe in die land.¹⁶⁹

Op 6 Oktober 1924 het *Die Burger* 'n lang berig oor Engelenburg se uitrede geplaas waarin Engelenburg se loopbaan en persoonlikheid goed opgesom is. Onder meer is gemeld dat Engelenburg as joernalis die langste in die Suid-Afrikaanse dagblad-wêreld werksaam was en dat hy 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis meegemaak het. As politieke redakteur was hy 'n “ridderlike teenstander en 'n gentleman-skrywer”.¹⁷⁰ Hy het die vertroue geniet van manne soos president Kruger en generaals Botha en Smuts. Engelenburg het die eerste swaar jare van die nuwe onafhanklike bestaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek meegemaak, toe daar nog geen geld en geen vertroue in Transvaal was nie. In dié tyd was die takt, bekwaamheid en

¹⁶⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Lombard – F.V. Engelenburg, 01.10.1924.

¹⁶⁷ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Lombard – F.V. Engelenburg, 01.10.1924.

¹⁶⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Lombard – F.V. Engelenburg, 01.10.1924.

¹⁶⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, J.R. Lenske – F.V. Engelenburg, 02.10.1924.

¹⁷⁰ Anon., “Dr. Engelenburg tree af – Suid-Afrika se veteraan-joernalis – helper in groot deel van Suid-Afrika se geskiedenis”, *Die Burger*, 06.10.1924.

veelsydigheid van Engelenburg vir die bewindsmanne van die ZAR van groot waarde. Daar was baie treffende episodes in die joernalistieke loopbaan van die “Doktor”, soos hy altyd in Transvaal genoem is. Almal het hom geken as ’n wellewende persoon, altyd beleefd, altyd korrek. Daarmee saam was hy ’n persoon met ’n sterk persoonlikheid wat nie altyd met generaal Botha saamgestem het nie en dit ook meer as een maal duidelik laat blyk het. Dit was moeilik vir sy teenstanders om verweer te hê teen sy sarkasme. Die redaksie van *Die Burger* kon hulle herinner aan Engelenburg se artikel oor lord Kitchener se dood, toe hy reguit verklaar het dat Kitchener se grootheid verby was, ’n feit wat almal erken het, maar wat baie min mense in daardie dae die moed sou gehad het om te sê. Daar was min skrywers soos hy wat die kuns verstaan het om die waarheid te sê en tegelykertyd nie seer te maak nie, maar dan met ’n woord van die Doktor self: “Onverskrokke, altyd onverskrokke.”¹⁷¹ *Die Burger*, wat die Nasionale Party gesteun het, was in opposisie met *De Volkstem*, wat die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was. Tog het personeel by *Die Burger* respek vir Engelenburg gehad, grootliks as gevolg van die rol wat hy deur middel van die media onder die Afrikaners in Transvaal gespeel het.

De Westelike Stem het geskryf dat Engelenburg sy blad gelei het in voorspoedige, maar ook in donker dae. Dat hy dit met groot bekwaamheid en takt gedoen het, sou allerweë erken word. *De Westelike Stem* het dit sy plig gevoel om ’n woord van dank teenoor Engelenburg uit te spreek vir die bekwame manier waarop hy sy blad geredigeer het en die onpartydige wyse waarop hy steeds die belange van land en volk in die geheel, sowel as die party waaraan hy verbonde was, behartig het.¹⁷²

T.E.G. Cutten het in 1935 oor Engelenburg geskryf dat hy groot rol gehad het om die prestige van *De Volkstem* uit te bou. Daar is ook deur diegene wat die beste in staat was om sy werk te beoordeel, bevestig dat hy een van die vaardigste en bekwaamste skrywers in Nederlands in Suid-Afrika in daardie tyd was.¹⁷³

¹⁷¹ Anon., “Dr. Engelenburg tree af – Suid-Afrika se veteraan-joernalis – helper in groot deel van Suid-Afrika se geskiedenis”, *Die Burger*, 06.10.1924.

¹⁷² Anon., “Na 35 jaar”, *De Westelike Stem*, 08.10.1924.

¹⁷³ T.E.G. Cutten, *A history of the press in South Africa*, p. 55.

H.C. de Kock het geskryf dat Engelenburg die gawe gehad om hom heeltemal buite 'n saak te stel en dit objektief te beskou. Hy het dinge raakgesien wat menigeen dikwels verbaas het. Dit is dikwels genoem 'n "snaakse kyk op sake", dog in nege uit die tien gevalle is sy skerpsinnigheid later erken. Engelenburg kon soms aanhou hamer op wat ander beskou het as 'n nietigheid, maar wat later tog geblyk het van die grootste belang te wees.¹⁷⁴

Leipoldt, wat ten tyde van Engelenburg se uittrede nog aan *De Volkstem* verbonde was, kon jare later onthou dat hy en Engelenburg baie goed saamgewerk het, al het hulle ook soms van mening verskil, byvoorbeeld oor Leipoldt se benoeming tot kandidaat in die algemene verkiesing van 1924. Engelenburg was sterk gekant teen die idee, maar Leipoldt het gemeen dat Engelenburg die saak nie in 'n redelike lig as advertensie vir die blad kon sien nie. Hier het Engelenburg aan 'n ouer en strenger kode van die joernalistieke beroep vasgehou. Leipoldt het in latere briewe met groot waardering geskryf oor die vriendelikheid en wellewendheid waarmee Engelenburg hom gedurende die hele tydperk behandel het, en oor die groot voorreg om onder hom te kon werk.¹⁷⁵ Leipoldt het, toe hy in 1923 lid van *De Volkstem*-redaksie geword het, in Engelenburg 'n hoof gevind wat bo alles in gees sowel as in daad lojaal jeens sy kollegas was. Verskille van mening tussen die joernaliste en hulle redakteur is vriendskaplik bespreek en ewe vriendskaplik afgehandel. Engelenburg het soms hardnekkig aan sy menings vasgeklou, maar hy was nooit, volgens Leipoldt, kleinsielig nie en altyd verdraagsaam jeens 'n ander se mening, hoe hy ook daarvan verskil het. In Engelenburg se liefde vir die waarheid was hy byna wetenskaplik objektief.¹⁷⁶

Soos uit bostaande afgelei kan word, was Engelenburg nie net 'n eersterangse joernalis nie. Hy het ook aan die jong land 'n aantal bekwame persmanne oorgedra, verteenwoordigers van die "Engelenburg-skool". Onder hulle tel Frederik Rompel, J. la Grange Lombard, Nathan Levi,

¹⁷⁴ H.C. de Kock, "Frans Vredenryk Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 27.

¹⁷⁵ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), Aantekeninge van J.M.H. van Aardt, ongedateer.

¹⁷⁶ C. Louis Leipoldt, "Dr. Engelenburg – 'n waarderende beskouing" in I. Wallach (red.), *Die Volmaakte 'Gentleman'*, pp. 37-38.

Harm Oost, A. Boshoff, H.C. de Kock, Louis Hiemstra, E.A. Malga, C. Louis Leipoldt, B.S. Groeneveld en Markus Viljoen.¹⁷⁷

Engelenburg het reeds in 1898 gesê dat hy die redakteurskap van *De Volksstem* nooit anders beskou het as 'n soort erflating (*fidei-commis*),¹⁷⁸ as 'n vertrouenspos, as 'n konfidentiële opdrag wat in sy hande gestel is nie – nie vir die behartiging van private belange van die een of ander politikus of kapitalis nie, maar ter bevordering van die maatskaplike welsyn van die beste elemente in die Transvaalse bevolking.¹⁷⁹ Alleen hy wat so 'n kode kon naleef, durf dit so openlik verkondig het. Dié wat die voorreg gehad het om Engelenburg en sy werk te ken, het geweet hoe dit hom steeds erns was om geen jota of tittel daarvan af te wyk nie.¹⁸⁰

Samevatting

Die ekonomie van Suid-Afrika was in die tydperk onder bespreking swaar getref deur die naoorlogse depressie en die mynwerkerstaking op die Rand in 1922. Dit was ook in die tydperk van die oorskakeling van die SAP-regering na die regering van die Nasionale en die Arbeiderparty, wat 'n bondgenootskap gesluit het, die sogenaamde “Pakt”. Die feit dat Engelenburg neutraal gestaan het, was grootliks 'n diplomatieke skuif om homself polities en as joernalis so te posisioneer dat hy nie regstreeks die slagoffer van regeringsverandering word nie.

Engelenburg se besluit om met sy jarelange vriendin, Lorraine, te trou het deels meegebring dat hy die tuig as hoofredakteur van *De Volkstem* neergelê het. Sy en Lorraine se besoek aan die buiteland kan in vele opsigte gesien word as die laaste optrede as regeringsvertegenwoordiger in die buiteland, wat die beste van sy tyd gemaak het om indruk te maak en 'n hoë profiel te handhaaf, moontlik om sodoende meer publisiteit in die politieke sfeer te kry en die beeld van

¹⁷⁷ J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy) Bpk (1873-1960)*, p. 35.

¹⁷⁸ “Fidei-commis” beteken letterlik iets wat aan die goeie trou toevertrou word, 'n erflating waarmee aan die erfgenaam die verpligting opgelê word om die erfgoed nooit te vervreem nie, met ander woorde 'n stamfamilie-erfstuk of 'n nasionale erfstuk wat van geslag tot geslag aan die stam, familie of nasie sal bly behoort.

¹⁷⁹ F.V. Engelenburg, “Aan de Volksstem lezers”, *De Volksstem*, 10.08.1898.

¹⁸⁰ H.C. de Kock, “Frans Vredendyk Engelenburg (1863-1938)” in I. Wallach (red.), *Die volmaakte ‘gentleman’*, p. 27.

die regerende party te probeer versterk. Sy besoek aan Europa in 1923 het ook duidelik die gees van 'n kosmopolitiese karaktereienskap geopenbaar. Die feit dat die inhoud van sy huis van 'n kosmopolitiese smaak getuig, verhoog die moontlikheid dat hy daardie ingesteldheid al die jare gehad het. Dit het eers in die jare van ekonomiese druk, die opkoms van 'n stedelike werkerstand van Afrikaners en die naoorlogse depressie en swaarkry in Suid-Afrika heelwat meer uitgestaan. Sy verblyf in vyfsterhotelle in Suid-Afrika en in die buiteland dui daarop dat hy daaraan gewoond was om 'n hoë lewe te lei. Hy het duidelik die Britse leefstyl bo dié van Nederland verkies en sy klere eerder in Londen laat maak.

Toe die eerste munte weer van 1923 in Suid-Afrika geslaan is, het Engelenburg waardevolle wenke gegee oor die ontwerpe van die munte, waarvan sommige tot jare ná sy dood steeds in gebruik was, byvoorbeeld die protea, wat tot in die tagtigerjare op muntstukke gedruk verskyn het. Die feit dat Engelenburg gevra is om die ontwerpe van nuwe munte te beoordeel en daaroor kommentaar te lewer, is duidelik 'n voorbeeld van die soort gesag wat hy steeds in die kulturele en politieke lewe van Suid-Afrika gespeel het. Hy het ook reeds in 1922 die moontlikheid voorspel dat 'n desimale stelsel in Suid-Afrika ingevoer sou word, wat 39 jaar later gebeur het. Die vertroue wat die Unie-regering en die SA Akademie in Engelenburg gestel het, het meegebring dat hy as verteenwoordiger van die regering en die Akademie opgetree het by koningin Wilhelmina van Nederland se 25-jarige jubileum in 1923. Dit spreek van 'n verlenging van sy politieke ingesteldheid en die respek wat hy in die regering van Smuts afgedwing het.

Die feit dat Engelenburg neutraal gestaan het teenoor die politiek, was grootliks 'n diplomatieke skuif om hom polities en as joernalis so te posisioneer dat hy nie regstreeks die slagoffer van regeringsverandering word nie. Reeds voor die 1924-verkiesing was dit duidelik dat die Smuts-regering in die moeilikheid was. Engelenburg het hom moontlik op 'n era van politieke duisternis voorberei. Die feit dat sy hart nie meer in die koerant was nie, het dit vir hom maklik gemaak om daardie skuif te maak. Dit was egter nie so maklik vir Smuts nie. Tot in die 1930's, letterlik met die Smeltersregering wat in die jare 30 onder die Verenigde Party tot stand gekom het, sou die lewe van Engelenburg op die randgebied van die politieke dinamiek van die land wees.

Engelenburg se besluit in 1924 om as hoofredakteur van *De Volkstem* uit te tree het baie vrae laat ontstaan oor die opvolger, Gustav Preller. Preller se simpatie het by die Nasionale Party gelê, terwyl *De Volkstem* die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was.